

DIE HUISGENOOT

VERENIG MET ONS MOEDERTAAL

Geïllustreerde Weekblad

Onder Redaksie van Dr. H. G. Viljoen.

Uitgewers: Nasionale Pers, Bepk., Kaapstad

Deel IX., No. 163.]

24 APRIL 1925

GEREGISTREER AAN DIE HOOF-
POSTKANTOOR AS 'N NUUSBLAD. [Prys 4d.

DIE NUT EN DOEL.

DAT die S.A. Eisteddfod jaar na jaar in Kaapstad kan gehou word en steeds in bloei toeneem, gee vir ons moed en vertrouwe dat die kuns nog eenmaal op 'n hoë peil sal staan sonder dat daar so danig moet gewerk word om die mense daartoe aan te spoor. Die Kaapse Eisteddfod het stadig, maar kragtig in omvang toegeneem, en vernameklik die laaste jare. Toe die Eisteddfod vir die eerste maal gehou is (ek meen dit was in 1917), het dit net maar twee dae geduur. Vandag neem die wedstryde drie volle weke. In Durban en Johannesburg word daar ook 'n Eisteddfod gehou, dog daardie wedstryde neem net 'n paar dae. In Kaapstad is ons ook baie gelukkig om in die besit van so 'n pragtige stadsaal te wees. Die akoestiek is baie goed, nie op alle plekke dieselfde nie, dog ons kan tevrede wees. Bykans orals kan die sagste geluid, die fynste toontjie gehoor word, selfs 'n fluisterstem kan verstaan word.

Die naam „Eisteddfod” beteken 'n sessie van wedstryde, en vind sy oorsprong in Wallis. Die eerste was gehou in die sesde eeu onder die beskerming van die Prins van Noord-Wallis. Die doel was om die meerderheid van die vokale lied oor instrumentale musiek te laat uitblink. Nog steeds vind jaarliks die Nasionale Eisteddfod in Wallis plaas, en word deur duisende mense besoek. Daar word hy genoem die Volks-universiteit. Baie mooi stemme kom van daardie streek. Dit word gesê dat in Wallis die beste stemme gekweek word, omdat hulle al jonk met die gees van die wedstryde saamleef. Ons kan dit bes glo as ons bedink wat 'n vooruitgang die sang in Kaapstad gemaak het sinds die oprigting, en nie alleen in Kaapstad nie, maar deur heel Suid-Afrika. Die hoofdoel van die wedstryde is die kore. Die vernaamste prys is uitgelooft deur die Stadsraad, in die vorm van 'n skild vir die beste gemengde koor. In hierdie afdeling het die opkoms nooit baie groot gewees nie, en in die twee laaste jare was daar nie 'n enkele deelname nie. Dit is baie te betreuer, want, soos gesê, die Eisteddfod is vir die volk wat kom om gesamentlik te sing: nie vir die soliste nie; hulle kry kans genoeg om hulle te laat hoor.

Die Suid-Afrikaanse Eisteddfod.

Deur Joh. Luijt.

Dis maar selde dat soliste, vokaal en instrumentaal, artistiek genot gee. Baie verborge talent kom voor die dag, dit moet gesê word, maar die hoofdoel is tog die koorsang. Ons het al baie staaltjies gekry van wat kan gedoen word op daardie gebied. Die kore wat die skild gewen het, het altyd pragtig gesing; veral die koorsang sonder begeleiding is, as hulle goed gebalanseer is, 'n hoë musikale genot.

Dat die Suid-Afrikaanse Onderwysers-unie toegetree het tot die bestuur van die jaarlikse Eisteddfod en die algehele beheer van die Afrikaanse Afdeling in hande geneem het, kan van die grootste waarde wees vir die nasionale gees. Dié vereniging het dit in mag om die geesdrif by die kinders op te wek en onder hulle te versprei. In vroeër jare was daar 'n verdenking dat die onderwyseresse nie gunstig gestem was teen die Eisteddfod nie, omdat die voorbereiding van die kinders se resitasies hulle baie ekstra werk sou gegee het, maar dié vrees is nou opgehewe. Die Afrikaanse onderwyseresse is almal baie geesdriftig en doen wat hulle kan om die Afrikaanse musiek bekend te maak en te versprei.

In die Sillabus het daar altyd 'n klas oop gewees vir Afrikaanse letterkunde in die algemene sin, 'n solo lied met Afrikaanse of Hollandse woorde, en 'n koorstuk vir mannekoor. Hierdie klasse is nog vir baie uitbreiding vatbaar. Behalwe die uitgeloopte Huisgenoot-Skild vir skoolkore, kan daar 'n klas kom vir 'n gemengde koor. Behalwe die solo sang, kan daar ook vokale kwartette, trio's en duette ingebring word. Om mense tesame te bring om musiek te maak is nie alleen aangenaam nie, maar ook baie nuttig. Waar dit moontlik is, sal die singers Afrikaanse musiek neem, dog ons voorraad is nog maar beperk, en moet die toevlug geneem word tot vertaalde woorde. Van alle beroemde komponiste kan 'n mens die liederere op meerstemmige musiek verkry met die tekste in drie moderne tale. As ons die musiekhandelare

sou vra om ook 'n Afrikaanse vertaling daarby te voeg, sou hulle antwoord wees: „Daar is glad g'n aanvraag vir Afrikaanse tekste nie.” Afrikaans is 'n besonder geskikte taal om in te sing, omdat dit so sag is. As iedere Afrikaanse sanger of sangeres begin om sy eie vertalings te maak, sal die ondernemende musiekhandelare die noodsaaklikheid daarvan insien (en die voordeel daarvan), en sal die jare nie ver weg wees nie dat standaardliedere pryk met 'n erkende Afrikaanse vertaling.

Die Afrikaner het baie talent vir toneelspel. 'n Toneelstuk in een bedryf kan 'n mooi wedstryd gee, en die kindertjies kan akteerliedjies opvoer. Daar is 'n goeie keus van Afrikaanse liedjies, en dié klas sal baie welkom wees. Maar die S.A.O.U. moet tog nie toelaat dat daar ook klasse oopgestel word vir meisies onder sestien jaar vir die sing van 'n solo lied nie. Partykeer kom daar op die verhoog meisies met liewe natuurstemmetjies wat dan hulle keel moet forseer om in die groot stadsaal te sing. Daar moet vooraf ook baie geoefen word, en dit kan veroorsaak dat die meisies, as hulle op die leeftyd kom dat hulle sou kan begin sing, nie meer stem oorhet nie; dis net 'n baie hees geluidjie wat voor die dag kom.

Afrikaanse komponiste het altyd mooi gebruik gemaak van die Afdeling Komposisie. Wat daar egter ontbreek, is die opgawe van 'n gedig wat getoonset moet word. Daar word altyd een opgegee in Engels, maar nie in Afrikaans nie.

Wat my altyd baie verwonder het, is die gebrek aan 'n klas vir Amateurorkeste. Dis ook 'n leemte waarin voorsien moet word.

Wat ook die musiek en letterkunde kan aankweek en die nasionale gees verhoog, is die hou van 'n Eisteddfod in ander stede. Johannesburg en Durban het Kaapstad gevolg; Observatory hou ook 'n jaarlikse Eisteddfod. Daar is nog baie stede in die land wat ook so 'n instelling kan hê. Laat ons strewre om die Afrikaanse Afdeling 'n ewe groot en belangrike plaas te laat inneem as die Engelse Afdeling. Die Komitee van die Eisteddfod is gewillig om te help.

Die aangifte om hierdie jaar deel te neem moet geskied vóór 30 April. Die Komitee versoek egter die deelnemers om so goed te wees om so veel as moontlik die name vroeg in te gee en nie te wag tot die laaste dag nie.